UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
GCE Advanced Subsidiary Level and GCE Advanced Level

# MARK SCHEME and INDICATIVE CONTENT for the Specimen question paper

## for the guidance of teachers

# 9679 AFRIKAANS
# 8779 FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

**9679/04 and 8779/04** Paper 4 (Texts), maximum raw mark 75

This mark scheme is published as an aid to teachers and candidates, to indicate the requirements of the examination. It shows the basis on which Examiners were instructed to award marks. It does not indicate the details of the discussions that took place at an Examiners' meeting before marking began, which would have considered the acceptability of alternative answers.

Mark schemes must be read in conjunction with the question papers and the report on the examination.

- CIE will not enter into discussions or correspondence in connection with these mark schemes.

UNIVERSITY of CAMBRIDGE
International Examinations

**COMPONENT 4: Texts**

Candidates will write their answers in the target language. Examiners will look for a candidate's ability to communicate effectively and will ignore linguistic errors, which do not impede communication.

*Passage based questions:* Examiners should consider the extent to which candidates have been able to identify the significant issues raised in the passage and, where appropriate, have applied these to the text as a whole. The passage is a stimulus passage, to be used as a springboard to give candidates a starting point for their answer. Examiners should allow candidates to use the passage as they choose, and ask themselves how successfully the candidates have manipulated their material and to what extent they have shown depth of awareness and knowledge of the workings of the text under discussion. This is not an exercise in literary criticism: Examiners should reward candidates whose answers show good understanding of how a text works and how an author has conveyed the key issues.

*Essay questions:* a prime consideration is that candidates show detailed knowledge and understanding of the text.

**Extracts from Examiners' Notes**

This paper is intended to test candidates' knowledge of a text and their ability to use this knowledge to answer questions in a clear and focused manner. A sophisticated literary approach is not expected (though at the highest levels it is sometimes seen), but great value is placed on evidence of a firsthand response and thoughtful, personal evaluation of what candidates have read. Candidates may have been encouraged to depend closely on prepared notes and quotations: quotation for its own sake is not useful, though it will not be undervalued if used appropriately to illustrate a point in the answer.

Candidates do not tend to show **all** the qualities or faults described in any one mark-band. Examiners attempt to weigh all these up at every borderline, in order to see whether the work can be considered for the category above. At the lower levels, the answer may mention a few 'facts' but these may be so poorly understood, badly organised and irrelevant that it falls into category 10-11; or there may be just enough sense of understanding and focus for the Examiner to consider the 12-13 band. Again, at a higher level, an answer may be clear, solid and conscientious (perhaps 18-19), without showing quite the control and attention to perceptively chosen detail which would justify 20 or more.

Examiners take a positive and flexible approach and, even when there are obvious flaws in an answer, reward evidence of knowledge and especially any signs of understanding and careful organisation.

© UCLES 2009

Candidates are expected to write 500–600 words for each of their answers. Candidates who write more than 600 words cannot be placed higher than the 16–17 category in the Mark scheme.

| Marks | Description |
|---|---|
| **22+** | Exceptional work. Excellent ability to organise material, thorough knowledge, considerable sensitivity to language and to author's intentions, understanding of some literary techniques. Really articulate and intelligent answers should be considered in this band even if there are still flaws and omissions. |
| **20–21** | Very good. Close attention to detail of passages, controlled structure, perceptive use of illustration, good insight when discussing characters. Ability to look beyond the immediate material and to show some understanding of author's intentions and of underlying themes. |
| **18–19** | Thoroughly solid and relevant work. Candidate does not simply reproduce information: can discuss and evaluate material and come to clear conclusion. Good focus on passages. Some limitations of insight but coherent, detailed approach and aptly chosen illustrations. |
| **16–17** | Painstaking. Sound knowledge of texts; mainly relevant. Some attempt to analyse and compare, some sense of understanding. Possibly not in full control of material; solid but indiscriminate. Many very conscientious candidates fall into this category: they tend to write far too much as they are reluctant to leave out anything they have learnt. Focused, coherent essays which lack really solid detail but convey a good understanding of the text should also be considered for this band. |
| **14–15** | Fair relevance and knowledge. Better organised than work in the 12-13 band: the candidate probably understands the demands of the question without being able to develop a very thorough response. Still a fairly simple, black and white approach. Some narrative and 'learnt' material but better control and focus than work in the 12-13 band. Many candidates probably fall into this category. |
| **12–13** | Sound, if simple and superficial, knowledge of plot and characters. Makes assertions without being able to illustrate or develop points. Probably still too dependent on narrative and memorised oddments but there may be a visible attempt to relate these to the question. Can extract one or two relevant points from a set passage. |
| **10–11** | Some very basic material but not much sense of understanding or ability to answer question. The candidate rarely reads the set passage but uses it as a springboard for storytelling and memorised bits and pieces about characters. Very general, unspecific approach. Random, bitty structure. Signs of organisation and relevance should be looked for in case the answer can be considered for a mark in the 12-13 band. |
| **6–9** | Marginally more knowledge here than in the 0-5 band. The candidate may have read the text but is probably unable to see beyond the barest bones of the plot or half-remembered notes. Insubstantial; very little relevance. The candidate may have problems with the language and will be unable to express ideas comprehensibly. |
| **0–5** | No discernible material. Often very inadequate language. Marks in this section are awarded almost on the basis of quantity: up to 3 for a sentence or two showing a glimpse of knowledge, 4 or 5 where there is also a hint of relevance to the question. It is possible for a candidate to write a whole page demonstrating no knowledge at all (have they read the book?), or only misunderstood background facts or very vague general remarks unrelated to either text or question. |

© UCLES 2009

Please note that the Indicative Content is published only for this specimen paper and will not be produced for any live papers.

**Indicative Content**

Questions are open to interpretation and therefore, the following notes are not intended to be presciptive, but to give an indication of some of the points which could be made in repsonse to each question. They are by no means exhaustive.

**1 *Na die geliefde land*, Karel Schoeman**

**(a)(i)** Alle kandidate behoort 'n onderskeid te kan tref tussen die mense se herinneringe aan die skietery by Rietvlei en die werklike situasie van die drie mans se dood, en te kan stel dat die herinneringe nie dieselfde as die werklikheid sal wees nie. Met verwysing na die uittreksel kan kandidate noem dat Carla sinies glimlag en haar kop skud nadat sy sê dat die mense lank gepraat het oor die bloed wat oor die vloer kruip en dat Fanie 'n gedig daaroor geskryf het, wat aandui dat sy dink dat hulle meer gefokus was op die dramatiese impak van die skietery as aan die werklike feit van die sterfte van die mans. Kandidate behoort te kan verduidelik dat om 'n gedig te skryf oor hierdie gebeurtenis 'n manier is om die skietery te onthou, maar dat dit nie die werklikheid van die gebeurtenis sou weerspieël nie.

Sterker kandidate sou kon verwys na voorbeelde van Fanie se gedigte elders in *Na die geliefde land*, en dat sy ander gedigte wat handel oor die helde van die Afrikaner geskiedenis, baie verhewe en dramaties is, en dat die onderwerp van die gedigte geïdealiseer word. Kandidate kan verduidelik dat Fanie se gedig oor die dood van die drie jong mans ook in hierdie kategorie sou val en dat die drie mans as martelaars of helde beskryf sou word.

**(a)(ii)** Kandidate moet in hul antwoord 'n onderskeid tref tussen Carla en Fanie se houding teenoor die verlede. Die bespreking van Fanie se houding kan insluit sy rol as onderwyser in die gemeenskap van plaasmense, en hoe ernstig hy sy verantwoordelikheid in die verband opneem – hy voel hy moet die kinders in sy klas leer van hulle herkoms, en laat hulle selfs 'n toneelstuk opvoer oor Racheltjie de Beer. Sy rol as digter sluit ook hierby aan, aangesien hy gedigte skryf oor die geskiedenis van die Afrikaners en oor die land.

Kandidate kan in teenstelling hiermee wys op Carla se ongeduld met die stories van die verlede wat so 'n houvas het op die mense om haar. Sy is van 'n jonger geslag en maak 'n onderskeid tussen die ou wêreld van die verlede en die nuwe wêreld waarin hulle hulle bevind. Antwoorde sou kon handel oor haar ingesteldheid op die praktiese aspekte van die plaaslewe, dat sy 'n realis is wat vorentoe kyk en die situasie waarin die plaasmense hulself tans bevind, probeer verstaan. Die verlede is nie vir haar van enige nut nie, want sy voel dit kan hulle nie prakties help met hul huidige situasie nie.

**(b)** Kandidate kan die tema van plig bespreek aan die hand van 'n aantal karakters in die roman, maar moet fokus op die verskille tussen die ouer en jonger generasies. In terme van die ouer geslag moet dit duidelik gemaak word dat hulle 'n verwagting van die jonger geslag het. 'n Karakter soos Hattingh kan bespreek word in die lig van sy verwagting dat die tradisies van die verlede moet voortgesit word, en dat dit die verantwoordelikheid van die jongmense is. Hy praat van die verlede as fondament, 'n stewige beginpunt, waarsonder daar nie enige vordering kan wees nie. Kandidate kan ook verwys na Tant Kotie, wat haarself sien as 'n bewaarder van die herinneringe aan die verlede, 'n plig wat sy voel sy nakom deur kamers vol portrette van familie, voorsate en helde uit die ou tyd in haar huis te hou en vir mense daarvan te vertel. Sterker kandidate sou kon noem dat daar ook mense van die ouer geslag is wat die

© UCLES 2009

idee van 'n plig ten opsigte van hul mense en die verlede nie baie ernstig opneem nie. Tant Loekie byvoorbeeld, wil net dans en sosialiseer.

Antwoorde behoort ook te verwys na die jonger geslag, waar verskillende karakters verskillend reageer op die idee van verantwoordelikheid dra vir die voortsetting van 'n tradisionele leefstyl. Paultjie voel vasgevang deur sy lewe op die plaas en maak vir homself 'n wegkruipplek op die solder, waar hy tyd alleen of saam met Carla kan spandeer, weg van die harde lewe op die plaas. In die solder lees Paultjie en Carla ou Afrikaanse boeke vir mekaar. Met verwysing na Carla kan kandidate noem dat sy pligsgetrou is in terme van haar werk op die plaas, maar dit doen omdat sy prakties is. Sy verwerp die idealistiese siening van die plig van die jonger geslag heeltemaal en die verwagtinge van die ouer mense frustreer haar. Kandidate moet Tant Kotie se seun, Gerhard, noem as 'n belangrike voorbeeld van 'n jong persoon wat die boodskap van die ouer mense baie ernstig opneem. Hy is 'n vurige ondersteuner van die idee dat die jongmense 'n plig het om hul kultuur en erfenis te bewaar. Hy is gewillig om te veg en te sterf vir sy mense en hul erfenis. Uitstekende kandidate sou hier kon wys op die feit dat Gerhard en sy vriende 'n houding het wat klop met die houding van hedendaagse terroriste.

Antwoorde moet kan identifiseer dat George 'n buitestaander is in hierdie gemeenskap en dat die tema van plig dus nie op hom van toepassing is soos wat dit is op die plaasmense nie. Sterker kandidate kan noem dat dit wel moontlik is dat hy 'n sentimentele pligsgevoel het teenoor sy oorlede ma, om die familieplaas nog een maal te sien, iets wat sy nie kon doen voor sy gesterf het in die buiteland nie.

Uitstekende kandidate kan noem dat Gerhard druk op George plaas om te voel dat hy 'n "heilige plig" het om nie sy familieplaas te verkoop nie, en om daar te bly, die land te bewerk en een van hulle te word. Dit word ook deur Gerhard geïnsinueer dat hulle wil hê hy moet bly om vir Gerhard en sy trawante te help met hulle ondermynende aktiwiteite.

© UCLES 2009

**2** ***Toorberg*, Etienne van Heerden**

**(a)(i)** 'Op watter maniere' dui aan dat hierdie vraag op 'n gefokusde wyse beantwoord moet word. Antwoorde kan fokus op aspekte wat voorkom in hierdie stukkie teks, wat by die res van die roman aansluit, spesifiek die vrugbaarheid/onvrugbaarheid van die land wat direk van water afhang, en van die Moolmans waar die vlek oorgedra word van generasie tot generasie. Daar is die basiese feit dat die Moolman en Riet families se name spesifiek met water te doen het: die moolman wat kontrole oor water het in sy werk, en riete wat natuurlik in die water groei. Verder dan ook die ironieë van Noag/Druppeltjie se naam en die manier waarop hy sterf, die skeiding van die vrugveld en die Stiefveld, die idees van rykdom en armoede/droogte. Die droogte word gesien as straf, en dus is water eintlik die positiewe en normale status vir die Moolmans; die droogte is ook die rede dat die voorgeslagte op die plaas begin rondloop, en wat die boormasjien bring wat Noag se dood veroorsaak. Dit is ironies dat die laaste druppeltjie suiwer Moolman-bloed in 'n droë boorgat vernietig word. Daarteenoor ervaar beide Abel en Noag, nadat altwee dood is, die dood as 'strome van lewende water...by die vet, koel geur van die oog se spuwende stroom' wat weereens insinueer dat dit die 'natuurlike' orde van dinge is. Uitstekende antwoorde sal ook kommentaar lewer op sonde wat skoongewas word of gestraf word, en dalk noem dat die soeke na water ook 'n Afrika-storie is - beide vir die bruin/Riet stamvaders soos Jan Swaat en die wit/Moolman stamvaders soos StamAbel. Swakker kandidate sal waarskynlik net sterk fokus op die vrugbaarheids-aspek.

**(a)(ii)** Hier kan kandidate 'n meer persoonlike antwoord gee, met gepaste verwysings na skuld of straf, die noodlot, familie, trots, ens. Op 'n basiese vlak illustreer dit die Magistraat se probleem om tot 'n gepaste slotbesluit te kom met verwysing na die ingewikkelde gebeure en familieskandes. Hy gebruik water as 'n metafoor aangesien dit beide die skoonwas van sondes illustreer en ook direk betrekking het op die Moolmans se geskiedenis en rede vir Druppeltjie se dood.

Dit is egter ook belangrik dat kandidate die ander metaforiese aspekte in die aanhaling kan aanraak. Dat helderheid van water en vergifnis vergelyk kan word (aangesien mens sukkel om goed te kan sien deur besoedelde water, byvoorbeeld), of dat die spesifieke, 'gerigte' uitspraak van 'n vonnis nie altyd die ware vraag of probleem aanraak nie, veral in hierdie geval waar blaam so wyd versprei kan word tussen al die Moolmans. Gemiddelde kandidate sal dalk kan noem dat 'n sterk stroom water, soos deur die aanhaling aangedui, baie skade kan veroorsaak (kyk byvoorbeeld hoe die sterk strome van Toorberg se oë drama, skuld en haat inspireer), terwyl rustige, helder water begrip (in terme van hoe die families leer om mekaar te verstaan) en onselfsugtigheid (StamAbel en Noag se dood, Kaatjie se hulp en woorde) aanvuur.

Dit is 'n oop vraag, maar dit bly noodsaaklik dat alle antwoorde 'n goeie struktuur sal hê. Beter kandidate sal hulle persoonlike menings inweef met etlike, diverse voorbeelde uit die teks, terwyl swakker antwoorde dalk kort en selfverwysend sal wees.

© UCLES 2009

**(b)** Hier sal kandidate die aspekte van skuld in die roman moet bespreek – dit waarvoor betaal moet word ('Die sonde vra om gestraf te word'). Kandidate moet iewers in hulle antwoord kan identifiseer dat Druppeltjie die een is wat vir die Moolmans se sondes moet sterf, as onskuldige soenoffer. Die droogte is natuurlik die opvallendste 'straf'. Aspekte kan insluit die onreg wat gepleeg is tydens die stigting van Toorberg (die 'hele generasie' wat meedoen aan 'n 'ketting van gebeure'), ontkenning van Skaamfamilie en Stief-Moolmans, skuld aan kinders se laste in terme van hulle onvrugbaarheid, of Kênstillie se probleme as 'n direkte gevolg van huweliksontrou.

Verder moet spesifiek ook verwys word na die karakters. Wat StamAbel betref, dra hy skuld omdat hy Toorberg 'geannekseer' het van HansBoesman en Jan Swaat se 'mense', op die oorspronklike inwoners geskiet het en Toorberg 'n naam gegee het; daar is onreg in die manier hoe hy slawe maak van mense; en die ontkenning van sy eie kinders. Vir Abel is daar Druppeltjie se moord; huweliksontrou; en die ontkenning van Skaamfamilie en StiefMoolmans. Deur sy selfmoord probeer hy natuurlik ook die skuld van beide Noag se dood en die kollektiewe toe-eiening van die land op homself te neem om die Moolmans te bevry – hy sterf met die kaart en transport van Toorberg in sy hand, en Kaatjie sê van hom dat 'hy was baas van die plaas en die smarte van Toorberg was syne'.

Die Magistraat voel so skuldig oor sy persoonlike betrokkenheid by die familie; dat hy nie 'n uitspraak kan lewer of 'n offisiële verslag kan skryf nie, selfs al is dit die einde van sy tyd as geregsdienaar. Daar is ook skuld in die fyt dat hy, as De la Rey se inkarnasie, gedeeltelik verantwoordlik is vir Druppeltjie se dood. Hy is dalk ook, as gevolg van sy ondersoek, direk verantwoordelik vir Abel se selfmoord.

Die Magistraat sê dat dit nie moontlik is om 'n skuldige 'vas te pen nie' – met verwysing na sy magteloosheid om 'n verslag te skryf en 'n uitspraak te lewer oor Abel en Druppeltjie se dood. Gemiddelde en swakker kandidate behoort een of twee redes vir skuld te noem, terwyl sterker kandidate 'n deeglike bespreking van twee of meer aspekte kan gee Uitstekende antwoorde mag dalk StamAbel se sondes met die 'sondes' van die Afrikaner-stam verbind – Toorberg wat funksioneer as 'n mini-kosmos van Suid-Afrika se geskiedenis. Die Magistraat vra: 'Waarom sou die Afrikaner soveel respek hê vir die familiehuis... die solder, wat soos 'n kollektiewe geheue geslagte se uitskotsels vergader?' Dit is dus die skuld van 'n 'hele stam, eerder as 'n tot dusver ongeïdentifiseerde man of vrou'.

© UCLES 2009

3 ***Vatmaar*, A. H. M. Scholtz**

**(a)(i)** Antwoorde moet die vorige geskiedenis tussen Tant Wonnie en Mevrou September bespreek, naamlik dat Tant Wonnie as wasvrou by Mevrou September gewerk het, dat laasgenoemde se trouring weggeraak en dat sy vir Tant Wonnie van diefstal beskuldig en haar laat arresteer het. Tant Wonnie is egter vrygespreek op hierdie aanklag. In terme van die rede vir Mevrou September se houding teenoor Tant Wonnie, moet kandidate kan beskryf dat Mevrou September 'n donker gelaatskleur het en jaloers is op Tant Wonnie as gevolg van haar ligte velkleur. Hierdie feit word in die roman as geheel maar ook in die spesifieke uittreksel genoem ("maar die magistraat het haar laat loep want hulle dink sy is wit"). Kandidate moet noem dat Mevrou September se man die ring in werklikheid gesteel het, maar dat sy dit nie weet nie. Tant Wonnie het dit egter wel besef toe sy in die kapkar sit en luister na Mevrou September en haar man wat met Stoffel Jones praat. Antwoorde behoort te beskryf dat Tant Wonnie se optrede op hierdie stadium uitsonderlik is, want ten spyte van die feit dat Mevrou September haar in die openbaar verneder het, bied sy nou aan om te betaal sodat die Septembers saam met haar die kapkar kan deel terug Vatmaar toe. Ondanks haar vernedering aan die hand van Mevrou September word Tant Wonnie nie bitter nie, maar bly 'n goeie persoon. Kandidate moet die karaktereienskappe van die twee vrouens dan onderskei aan die hand van die informasie uit die uittreksel: Tant Wonnie se eerlike, betroubare en vergewende karakter kontrasteer met Mevrou September: 'n onseker, jaloerse en wraaksugtige persoon.

Uitstekende kandidate kan ook bespreek hoe die spreker in hierdie verhaal afstand behou van Settie September deur haar "Mevrou September" te noem, maar vir Tant Wonnie op 'n meer informele wyse benoem, en die leser dus meer betrek by Tant Wonnie as by Mevrou September.

**(a)(ii)** Daar word verwag dat alle kandidate 'ja' sal antwoord op hierdie vraag, en dit dan sal kan staaf met voorbeelde uit die roman. Daar is menigte voorbeelde van opregte liefde in die boek en kandidate kan *of* sekere verhoudings in detail bespreek, *of* voorbeelde groepeer in verskillende kategorieë van liefde en dan bespreek. Daar sou melding gemaak kan word van die liefde tussen mans en vrouens (Oupa Lewies en Ruth, Oom Flip en Sus Bet, Ou Chetty en Free-da, Kaatjie en Kenneth Kleinhans, Tant Wonnie en haar oorlede man Heinrich, vir wie sy nog steeds lief is), die liefde tussen familielede (Tant Wonnie en haar dogters Kaatjie en Suzan) die liefde tussen vriende (Oupa Lewies en Oom Chai, Norman van der Westhuizen en Heinrich Müller), en liefde uit respek (Sus Bet wat omsien na Ta Vuurmaak op sy oudag en seker maak dat hy op die Griekwa manier begrawe word, alhoewel sy nie self 'n Griekwa is nie). Bespreking kan handel oor hoe die liefde in *Vatmaar* in baie gevalle die konvensionele grense van die tyd oorskrei het, byvoorbeeld Oupa Lewies, 'n wit Engelssprekende man wie se beste vriend Oom Chai is, 'n Afrikaanssprekende bruinman. Hulle word selfs as 'n tweeling beskryf. Sterker kandidate kan hulle antwoorde hier staaf met Oom Flip se uiting by Ruth (Oupa Lewies se swart vrou) se begrafnis dat die liefde geen grense ken nie.

**(b)** Kandidate behoort in die konteks van die menigte voorbeelde in hierdie roman van die belang van menswees binne 'n gemeenskap, 'ja' te antwoord op hierdie vraag. Gemiddelde kandidate kan hier verduidelik dat Vatmaar 'n plek is waar mense oor die vasgestelde kleurgrense van die tyd vriendskappe gevorm, verlief geraak, getrou en kinders gehad het. Voorbeelde hier kan insluit Oupa Lewies, 'n wit Engelsman wat verlief raak en trou met Ruth, 'n swart vrou. Hulle het twee kinders, Elsa en Tommy, wat ook deel van Vatmaar se gemeenskap word. Die Vatmaar- gemeenskap is divers en bestaan uit Griekwas, Indiërs, Tswanas, Engelse, Kaapse Kleurlinge, Suid-Westers, Boere, Chinese, Basoetoes ens. Sterker kandidate kan noem dat dit nie 'n perfekte gemeenskap is nie en dat daar ook probleme ontstaan. Daar is onderlinge struwelinge tussen mense, en ook 'n eie Vatmaar hiërargie ("Vir die wit elite van Du Toitspan was al Vatmaar se mense dieselfde, maar ons het ons eie ek-is-beter-as-jy-soorte gehad.")

© UCLES 2009

Goeie antwoorde kan noem dat deel van menswees in 'n gemeenskap ook altyd ongelykhede, swaarkry en onregverdigheid sou insluit.

Gemiddelde kandidate sou ook kon verduidelik dat Vatmaar 'n plek van veiligheid is, waar mense wat verlore is 'n toevlug kan vind. 'n Voorbeeld wat hierdie stelling goed illustreer, is die Slamse meisie Mariam, wie verstoot word deur haar ouers omdat sy buite-egtelik swanger geword het en dan sorg kry by Ma Khumalo. So ook word Norman van der Westhuizen, 'n Boerseun wat ouerloos gelaat is as gevolg van die Anglo-Boereoorlog, deur Ma Khumalo aangeneem, en hy beskou haar vir die res van sy lewe as sy werklike moeder, en sorg vir haar.

Goeie antwoorde sal kan handel oor hoe dit nie net arm en verstote mense is wat in Vatmaar 'n toevlug vind nie, maar dat 'n wye spekrum mense daar 'n tuiste kry. Kenny Kleinhans, 'n opgevoede man wat nie deel is van Vatmaar nie, word byvoorbeeld na sy geliefde Kaatjie se dood opgeneem in die Vatmaar gemeenskap ("Jou verlies is ons verlies my kind" het Sus Bet in trane gesê). Wanneer Kenny besluit dat hy vir die Vatmaar mense 'n kliniek wil bou en dit vernoem na Kaatjie, verduidelik Tant Wonnie vir hom dat al die inwoners van die dorp saam oor sulke ontwikkelinge moet besluit ("Vir so 'n ding sal jy die hele Vatmaar bymekaar moet kry. Ons dink Vatmaar behoort aan almal van ons.") Hierdie aanhaling wys op die feit dat mense in Vatmaar almal 'n kans kry om hulle sê te sê, en hul kant van die storie te stel, en dat die Vatmaar gemeenskap oor die algemeen werk op die beginsel dat almal gerespekteer en na geluister moet word.

© UCLES 2009

## Section 2

**4** ***Bonga*, Elsa Joubert**

**(a)** Inacia Maria word beïnvloed, soos Bonga, deur geografiese, ideologiese en politiese aspekte, maar sy bly altyd 'n buitenstaander, sonder enige opsigtelike mag oor andere. Identiteit en ruimte (kulturele, persoonlike, en natuurlike ruimtes) is die hoofareas vir bepreking. Haar karakter is kompleks en daar is 'n verskeidenheid aspekte van haar identiteit en ontwikkelling wat kandidate kan bespreek.

Kandidate kan noem dat haar verhouding met Bonga haar eie identiteit affekteer en verander. Aan die begin is die liefdesverhouding 'n manier om 'n nuwe identiteit te vorm, weg van haar familie en die amper-vreemde Europese agtergrond wat sy moet probeer volhou in Afrika. Dit is dus 'n rebellie en 'n soeke na vryheid, in teenstelling met wat sou gebeur as sy D'Areujo se attensies sou beantwoord. Ironies genoeg veroorsaak haar troue met 'n persoon uit 'n ander kultuur ook 'n identiteitskrisis omdat sy meer onseker raak; terselftertyd voel sy sy ook hier moet konformeer, selfs al is sy later nie meer seker presies hoe lief sy vir Bonga is nie. Die konformasie mag dalk binne 'n ander konteks wees as tevore, maar dit beïnvloed haar eksperimentering met identiteit, net soos tevore.

Dit is wel belangrik dat kandidate kan aanhaal uit die teks om hulle antwoord te staaf. Die volgende is slegs 'n paar voorbeelde: Inacia Maria word diep beïnvloed deur die kultuuragtergrond van Bonga se familie – sy voel dat sy insink in die 'donkerte' van bygelowe en 'n primitiwiteit, wat 'n groter aantrekkingskrag vir haar het selfs as Bonga self. Sy begewe haar in die aringa se lewe deur by Nhaóed se dodefees ekstaties te word oor die slag van 'n bok en laat 'n swart vrou kom om dolosse te gooi en kruie te brand voordat Bonga hulle kind 'n Christelike doop kan gee. Dit is ironies dat sy wel skuldig voel teenoor haar wit God wanneer die kind in die kerk gedoop word. Die skuld vorm deel van haar besluit om nie Bonga se dood te wreek nie. Haar besluit om kus toe te trek soos sy altyd wou, dui aan dat haar verhouding met Bonga aan die einde slegs 'n eerste stap was om die Vallei te verlaat in haar soeke na vryheid. Goeie antwoorde sal dalk ook haar verhouding met haar vriendinne/bediendes bespreek en die plekke noem en bespreek wat help om haar identiteit te vorm (die prazo, die kerk, Tete, Nhaóed se huis.)

**(b)** Die vreemdelings-motief loop sterk deur die roman en aangesien hierdie 'n oop vraag is, sal kandidate dit wyd kan bespreek. Die kandidate kan fokus op karakters, op historiese aspekte, op ruimtes soos landskap, huise en dorpe, of op verhoudings. Dit is wel belangrik dat alle antwoorde voorbeelde uit die teks gebruik om die bespreking te staaf en dus dat kandidate nie net aspekte van die motief puntsgewys noem nie. Die verdeeldheid tussen buitestaander en binnestaander moet binne konteks goed verduidelik word.

Die Portugese kompanjie, die Europese reisigers, en die nie-militêre wit gemeenskap rondom Tete is almal vreemdelinge in Afrika. Nie net is die mense en tradisies vreemd nie, maar die landskap en weer is ook onbekend. Dit word alles bespreek deur beide die karakters en die skrywer : kleredrag, etiket, meubels en geloof. Die halfbloed-gemeenskap is ook vreemdelinge - hulle is tussen wit en swart, primitief en beskaaf. Selfs Nhaóed wys afguns teenoor sy swart moeder. Hulle posisie in die landskap en op die rivier is ook belangrik: dit verbind hulle aan die handel van die Portugese terwyl hulle as verstotelinge lewe op tradisionele maniere.

Die verskille in rasse, klasse en rang is duidelik in beide die wit en halfbloed gemeenskap en veroorsaak spanning onder al die karakters in hulle verhoudings en geloofslewens. Bonga, D'Areujo, en Inacia Maria voel almal verstoot en onderdruk, terwyl hulle terselftertyd ook ander verstoot en onderdruk. Hierdie karakters is almal emosioneel betrokke by die landskap, en die

© UCLES 2009

intensiteit van hulle interaksie met die water, die grond, die plante en die weer, word deurgaans beskryf. Inacia Maria en Bonga voel beide uitgesluit uit hulle eie kultuur en is op soek na iets anders. Dit veroorsaak 'n obsessie met die teenoorgestelde leefwyse wat hulle mekaar kan bied, maar nie een kan op die ou end suksesvol integreer in die ander se wêreld nie. Inacia Maria besluit om die area te verlaat, en Bonga bly 'n teiken tot en met sy dood en veroorsaak Massangano se ondergang.

Die afstand tussen plekke sluit ook aan by die idee van die buitestaander. Inacia Maria se pa woon ver buite Tete, so ook is Massangano 'n dagreis weg. Die swart gemeenskap woon op die rante van Tete, terwyl die kompanjie ook in 'n afgebakende area in die drop woon. Die swart gemeenskap in Massangano woon op die rante van die aringa of selfs buitekant die heining, en die Europese-styl huis waarin Nhaóed bly, is verwyder van die Afrika-styl hutte en kleiner huisies. Die kus is ver en eksoties vir beide die wit Europeërs en die swart en halfbloed gemeenskappe.

Bonga wil sy kind laat doop. Dit is 'n aanduiding dat hy op soek is na 'n identiteit wat hom sal insluit by die 'ander' gemeenskap. Inacia Maria wil juis *ook* die kind laat seën in 'n tradisionele manier met dolosse voor die doop, om dieselfde rede. Hulle is albei baie verward ten opsigte van hul identiteit en die verwagtinge wat op hulle geplaas word. D'Arajeo is dubbeld verwyder. 'n Europeër in Afrika, onkundig oor die funksionering van die kompanjie, en ook oor die liefde, wanneer Inacia Maria 'n halfbloed bo hom kies. Sy frustrasie vind uiting in sy besluite oor die lot van Bonga se mense en dat hy Inacia Maria dus ook verdoem.

Die Christelike geloof is vreemd in Afrika en ook vir Bonga, wie sterk aangetrokke voel daartoe in sy verwarring. Hy noem Inacia Maria die 'gif' in sy are en raak obsessief teenoor die kruis in die kerk en Inacia Maria se hangertjie. Terselftertyd is die dierlike aspekte van die tradisionele geloof vir die Europeërs afstootlik, en vir Inacia Maria ook soos gif waneer sy die wierook ruik en in die 'duister' insink. Plekke soos die klein murasie op die prazo, die doringmuur om die aringa, Nhaóed se huis, en die kerk in Tete, is almal insiggewend in terme van wie binne en wie buite gehou word.

© UCLES 2009

**5** ***Kringe in 'n bos*, Dalene Matthee**

**(a)** Gemiddelde kandidate kan hier verwys na die Bos as die ruimte/spasie waarin die houtkappers hul lewens lei, waar hulle bome afkap vir hul heenkome en waar hulle versigtig moet saamleef met die olifante. Sekere karakters kan hier bespreek word as tipiese bosbewoners in terme van hul verhouding met die Bos, byvoorbeeld Joram Barnard en Oom Anneries. Sterker antwoorde kan verwys na die feit dat die houtkappers se lewens beïnvloed word deur die Bos – hulle is geïsoleerd en kontak met die buitewêreld en die mense van die dorp is baie skaars. Hul lewenswyse, behuising, dieet en beroep, word alles bepaal deur die Bos. Die bosbewoners is ook baie gelowig en bygelowig, met die Bos wat 'n groot rol speel in hoe hulle spirituele kwessies ervaar.

Saul Barnard is die seun van 'n houtkapper en word in die Bos groot, binne die houtkapper gemeenskap. Die Bos is waar hy van die belangrikste oomblikke van sy lewe ervaar en kandidate sou die volgende kon noem: sy eerste ontmoeting met Oupoot, die leier olifant; sy ontnugtering toe hy as 'n jong tiener die bloubokkie se kop oopkap en uitvind dat die houtkappers se stories nie almal waar is nie; sy struwelinge met sy pa en sy rebelse oorloop na die dorp om vir die houtverkoper MacDonald te gaan werk en sy terugkeer na die Bos as 'n delwer op soek na goud.

In die aanhaling, wat die beginpunt van hierdie vraag vorm, word daar gesê dat Saul 'agteruit' inloop die Bos in, so antwoorde kan verwys na hierdie aanhaling en verduidelik dat dit is asof sy verlede, wat so nou verbind aan die Bos is, nou voor hom afspeel soos hy weer die Bos binnegaan. Die beskrywing dat hy deur die Bos weer in te gaan, agteruit 'in homself' inloop, dui op Saul se intieme verhouding met die Bos. Van sy jong jare af is Saul intens bewus van die bome en diere van die Bos en as tiener begin hy die houtkappers se rol binne die ruimte van die Bos bevraagteken, soos hulle meer en meer hout uitkap en die Bos begin verinneweer. Dit word ook mettertyd vir hom duidelik dat die houtkopers sy pa-hulle verneuk. Saul se bevraagtekening van die tradisionele houtkapperbestaan ondermyn sy pa en die houtkappers se lewenssiening en hy word gesien as 'n verraaier. Kandidate behoort te kan dui daarop dat dit is asof die Bos deel van Saul is, en dat alhoewel hy telkens die verbindtenis probeer verbreek, hy teen die einde van die roman besef dat dit altyd 'n deel van hom sal wees. Sterker kandidate kan noem dat Saul besef hy het 'n verantwoordelikheid teenoor die Bos en die Bos se mense.

**(b)** Antwoorde kan verwys na Saul se eerste ontmoeting met Oupoot in die Bos en hoe Saul, in teenstelling met die ander houtkappers, nie besonder bang was vir Oupoot nie ("respek, bewondering, maar nooit vrees nie"). Kandidate kan Saul en Oupoot se verhouding deur die jare beskryf in terme van hul ontmoetings in die Bos, maar ook in terme van Saul se bewustheid van Oupoot se teenwoordigheid, selfs wanneer hy hom nie sien nie. Sterker kandidate kan noem dat daar tye is in Saul se lewe wanneer hy homself oorreed dat daar werklike ooreenkomste tussen sy en Oupoot se situasies is. Op ander tye sê Saul weer vir homself dat sy gevoel van 'n verbindtenis met Oupoot irrasioneel is. Wanneer Jozef se kind deur 'n olifant doodgemaak word, en Oupoot van die daad beskuldig word, voel Saul dat die houtkappers vir Oupoot onregverdig gebrandmerk het, net soos die houtkappers ook vir hom bestempel het as 'n verraaier.

Kandidate moet kan uitbrei op die feit dat Saul terugkom na die Bos om vir Oupoot te spaar van 'n vernederende dood aan die hand van 'n jagter. Sy plan is om die olifant te skiet voor die wildjagter by hom (en sy ivoor) kan uitkom. Maar soos Saul Oupoot se spore agtervolg vir dae lank deur die Bos, besef hy dat die olifant bewus is dat hy agtervolg word, en besig is om hom in sirkels te lei. Kandidate kan spekuleer of Oupoot dit doen omdat hy bedreig voel en beplan

© UCLES 2009

om vir Saul te vertrap, en of daar meer hierin steek. Antwoorde kan wys daarop dat Oupoot se dood en Saul se reaksie hierop 'n baie noue band tussen hulle impliseer – die skok van Oupoot se doodskoot laat Saul voel asof hy self besig is om te sterwe vir 'n oomblik, en hy voel fisies die olifant se pyn.

Sterker antwoorde kan ook fokus op die feit dat dit juis Maska is wat die verklaring maak dat Saul die 'dier-broer' van Oupoot is. Maska is 'n swart man wat in die Bos woon en die houtkappers help, die Bos intiem ken en die plek verstaan op sy eie manier (daar kan byvoorbeeld verwys word na sy storie van die geeste van die klippe wat in alle lewendige dinge in die Bos intrek). Sy interpretasie van Oupoot en Saul se verhouding en die rede waarom Oupoot vir Saul vir dae lank laat sirkel in die Bos, is dat Oupoot Saul se 'dier-broer' is. Dit sluit aan by sy spirituele begrip van die Bos, dat Oupoot vir Saul gekies het as sy 'mens-broer' omdat Saul die sterkste van die mense is en hy vir hom wou wys watter skade die houtkappers en gouddelwers aan die Bos berokken het.

© UCLES 2009

**6** ***Lied van die Vallei*, Athol Fugard**

**(a)** Die eerste deel van hierdie vraag is redelik vanselfsprekend en daar sal van kandidate verwag word om te kan noem dat Buks bekommerd is oor wat met sy akkers sal gebeur as Die Skrywer die land sou koop. Hy is dus onseker of hy sal kan voorsien vir hom en Veronica as hy nie meer die grond het wat aan hom en sy Pa voor hom 'behoort' het nie. Deur die kruiwa groente aan Die Skrywer te gee, hoop hy om hom te oorreed om toegelaat te word om aan te hou met die boerdery. Goeie kandidate sal ook hier aandui dat Buks probeer het om die transaksie meer aanloklik te maak deur aan te bied dat Veronica vir Die Skrywer kan werk as bediende. Hy praat met trots oor hoe hard hy werk op die grond, en insinueer dat hy die grond baie goed verstaan. Terselftetyd probeer hy ook om 'n konneksie op 'n ander vlak met Die Skrywer te maak, deur te noem dat hulle albei 'ou manne' is.

Die meeste van die kandidaat se tyd moet aan die tweede deel van die vraag spandeer word. 'n Basiese karakterskets van Die Skrywer word hier verwag, maar dit moet spesifiek verwys na die karaktereienskappe en ideale wat in hierdie toneel na die voorgrond gebring word. Die Skrywer se reaksie is effens onverwags, aangesien hy onmiddellik die romantiek van Buks se geskenk ervaar, eerder as die eintlike rede agter die groente wat aan hom gegee word. Hy sien hoe sy romantiese droom vir 'n 'basiese' en 'egte' lewe, in kontras met die 'onsin' van die toneelwêreld waarin hy homself tot dusver bevind het, verwesenlik kan word, eerder as om te sien hoe noodsaaklik die grond en groente vir Buks is en hoe ver Buks sal gaan om sy akkers te behou. Die Skrywer noem dit sy 'eie stukkie aarde', en koop dit vir 'n klein bedrag, sonder om te besef hoe baie die grond waarlik 'werd' is en aan wie dit eintlik 'behoort'. In hierdie toneel sien ons die skrywer se ongeduld na vore kom: dat hy nou moeg geword vir sy ou lewe; hoe vinnig hy besluit om 'n tjek te skryf, en hoe baie hy 'verwag' van die kopie (al die groente wat hy self sal kan kweek; dat dit vrede vir hom sal bring).

Beide gemiddelde en sterker kandidate sal dalk kortliks 'n mening gee oor hoe hierdie toneel die ongebalanseerde rasseverhoudings van die Apartheidsera eggo.

**(b)** Daar sal van kandidate verwag word om hierdie vraag te beantwoord deur 'n goeie, basiese argument te lewer. Meeste kandidate sal altwee kante van die saak wil bespreek, aangesien die teks hom van nature verleen aan so 'n interpretasie, maar uitstekende kandidate behoort 'n eensydige argument goed te kan substansieer; swakker kandidate sal heel waarskynlik nie hoë punte verwerf as hulle 'n eensydige argument probeer gee nie. Die outobiografiese agtergrond van die drama sal 'n belangrike tema wees as kandidate die politiese aspekte wil bespreek. Dit sal noodsaaklik wees om te noem dat Fugard self 'n verhouding met Nieu-Bethesda het en dat hy self ook die rol van Die Skrywer/Buks gespeel het. *Lied van die Vallei* is geskryf in 'n post-Apartheid Suid-Afrika, en bespreek dus die verhouding tussen die rasse, asook die geleenthede en drome wat nou vir almal beskikbaar is. Die feit dat Veronica voel haar lewe lê buitekant die dorpie waar sy grootgeword het en dat daar 'n kans is om bekend en ryk te word, eerder as om as 'n bediende te werk, is 'n aanduiding van die effek wat 'n nuwe Suid-Afrika op die jonger generasie het. Terselftertyd wys die verhouding tussen Buks en Die Skrywer hoe die ouer generasies vasgevang kan bly in die verlede, en kan sukkel om te groei. Goeie kandidate sal kan wys dat stasis vir sekere mense ook belangrik is – Buks laat vir Veronica gaan, en alhoewel hy ongelukkig is, bly kweek hy op sy akkers; Die Skrywer laat vir Buks toe om voort te gaan met sy groentetuin.

In terme van die verhouding tussen die generasies, kan kandidate bespreek hoe Veronica en Buks se verhouding agteruitgaan – alhoewel hulle albei lief is vir mekaar, is dit duidelik dat hulle nie die dorp, Veronica se liedjies, werk en aspirasies, en selfs godsdiens meer in dieselfde lig kan sien nie. Hierdie soeke na 'n eie identiteit is normaal in alle jong mense se lewens, en alle

© UCLES 2009

ouers (en grootouers in hierdie geval) moet hulle kinders toelaat om hulle eie drome te gaan soek. Kennelik is Buks se droom nie meer Veronica se droom nie. Dit is belangrik om te identifiseer dat Buks 'n goeie rede het om bang te wees vir Veronica, aangesien sy verhouding met Caroline ook problematies, en uiteindelik tragies was; dus simpatiseer ons ook met hom. Die Skrywer, wat ook van Buks se generasie is, se gesprekke met Veronica is net so belangrik, aangesien hy die lewe ken wat Veronica soek. Hy voel, beide vir selfsugtige en empatiese redes, dat Veronica te idealisties is. Dus is die generasiegaping nie net te siene binne families nie, maar ook tussen vreemdelinge van verskillende rasse en sosiale agtergronde. Daar is 'n menigte voorbeelde hiervan, wat uit die drama gehaal kan word, en solank kandidate die aanhalings effektief gebruik, sal punte toegeken word.

© UCLES 2009